PROVINCE OF THE EASTERN CAPE
IPHONDO LEMPUMA KOLONI
PROVINSIE OOS-KAAP

Provincial Gazette
Igazethi Yephondo
Provinsiale Koerant

Vol. 16 BISHO/ KING WILLIAM'S TOWN, 10 JULY 2009 **No. 2152 (Extraordinary)**

CONTENTS • INHOUD

No.		Page No.	Gazette No.
	ALGEMENE KENNISGEWING		
251	In die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Oos-Kaapse Hooggeregshof, Port Elizabeth): Saak No. 1495/2009	3	2152

ALGEMENE KENNISGEWING

No. 251

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(OOS-KAAPSE HOOGGEREGSHOF, PORT ELIZABETH)

PORT ELIZABETH, Woensdag, 17 Junie 2009

Voor die Agbare Regter mnr. VAN DER BYL (A.J.)

Saaknr. 1495/2009

In die saak tussen :

NEVILLE PETRUS PRINSLOO **1st APPLIKANT**
(Identiteitsnr. 631006 5183 08 6)

CELESTE DESIREÉ PRINSLOO **2nd APPLIKANT**
(Identiteitsnr. 580612 0139 08 9)

en

DIE REGISTRATEUR VAN AKTES, KAAPSTAD **RESPONDENT**

KENNISGEWING

Na aanhoor van advokaat Huisamen, regsverteenwoordiger van die Applikante en na die lees van die geliasseerde dokumente.

WORD DIT GELAS:

1. Dat alle belanghebbende partye opgeroep word om redes to toon voor die Agbare Hof op 14 Julie 2009 om 09:30 of

so gou moontlik daarna as wat die saak aangehoor mag word:

(a) hoekom die beperkings in klousule 4, 5, 6, 7, 8 en 9 op Transportaktenr. T40914/2007 verwant aan Erf 2465 Newtonpark, Port Elizabeth nie geskrap moet word nie;

(b) hoekom die Applikante se versuim om regshulp vir hierdie aansoek van die Agbare Hof te verkry voor hul begin het om die genoemde Erf 2465, Newtonpark, Port Elizabeth te hersoneer, nie oor die hoof gesien moet word nie.

2. Dat die Applikante 'n afskrif van enige bevel nisi wat die Agbare Hof rakende die saak mag toeken, beteken aan:

(a) die Nelson Mandelabaai Metropolitaanse Munisipaliteit;

(b) die Premier van die Oos-Kaapse Regering, p.a. Kantoor van die Staatsprokureur, Westernweg, Port Elizabeth, alternatiewelik, die Meester van die Hooggeregshof, Port Elizabeth;

(c) die houer van die verband wat oor die eiendom gerigistreer is, ABSA Bank Beperk;

(d) die Registrateur van Aktes, Kaapstad;

(e) die eienaars van Erf 209, 208 en 2451 Newtonpark en Erf 179, 176, 174, 172, 170, 185, 183 en 181 Cotswold, Port Elizabeth,

dat dit per hand aan die bogenoemde partye beteken moed word.

3. Dat die Applikante enige bevel nisi wat die Agbare Hof rakende die saak mag toeken sal publiseer:

   (a) in Engels en in Afrikaans in die Provinsiale Koerant van die Oos-Kaapse Regering:

   (b) in Engels in The Herald nuusblad en in Afrikaans in Die Burger (Oos-Kaap) nuusblad.

4. Dat die Applikante, in die bogenoemde advertensies, bekend maak dat 'n volledige stel dokumente rakende die aansoek ter insae sal lê vir enige belanghebbende party by die kantoor van die Applikante se prokureurs by h.v. Churhille- & Roose-veltstraat, Glendinningvale, Port Elizabeth.

OP LAS VAN DIE HOF

GRIFFIER

SONET PIETERSE ING.